

Woensdag 13 April

Skrifgedeelte: Johannes 1:1-18

Fokusgedeelte: Johannes 1:1-2, 14 (AFR83)

Jesus is waarlik God – die eniggebore Seun van God!

Hoekom is dit so belangrik dat die godheid van Jesus Christus nooit in twyfel getrek moet word nie? Omdat Jesus as die ware Paaslam op daardie besondere Paasfees lank gelede dan nie vir ons sondes kon betaal het nie. As Saligmaker moes Hy 'n sondelose mens gewees het om vir die sondeskuld van die mens te kon betaal, en Hy moes ook waarlik God gewees het om met die krag van sy godheid die toorn van God teen al die sondes van die menslike geslag te kon dra.

Deur die loop van die kerkgeskiedenis was daar dwalinge wat probeer mislei het deur te sê dat Jesus nie waarlik God is nie, omdat Hy deur sy Vader geskep is en dus ondergeskik aan die Vader is. Daarteenoor het die Heilige Gees die kerk van die Here gelei om helder en duidelik te bely dat die Seun van ewigheid gebore is, nie gemaak of geskape nie. Hy is God se Seun van ewigheid af, gelyk aan sy Vader en die afskynsel van sy heerlijkheid. Hy is God uit God, lig uit lig, waaragtige God uit waaragtige God. 'n Onbegryplike geheimenis, maar dit is wat die Bybel ons leer ook hier in Johannes 1. Johannes stel Jesus voor as die ewige Woord van God wat self God is, die enigste Seun van die Vader.

Jesus Christus word die Seun van God genoem. Beteken dit dat Hy aan sy Vader ondergeskik is? Hoe moet ons die verhouding tussen Seun en Vader verstaan? In orde van bestaan is die Vader die eerste, maar dit beteken nie dat die Vader voor die Seun daar was nie. In orde van bestaan is die Seun die tweede, maar Vader, Seun en Gees is van gelyke ewigheid, een en dieselfde wese. Jesus is God uit die wese van sy Vader, voor alle tye gebore en Hy is mens uit die wese van sy moeder, in die tyd gebore. Daarom eer ons Hom as volmaakte Verlosser!

Sing: Skrifberyming 4-8:1, 2

Dr. SJ van der Walt (Kobus) (emeritus)